Die Groot En Magtige Oorwinnaar

Goeiemôre, julle. 'n Baie "Gelukkige Paasfees" aan elkeen van julle! Hierdie is een van die grootste dae, in herdenking van die opstanding van ons Here. Dis een van die grootste dae in die hele geskiedenis van die wêreld. Dis die opstanding. En ons is so bly om hier te wees, vanmôre, op hierdie groot dag. En om die son te sien opkom, en die blomme wat opkom uit die aarde, alles wat van Pase spreek.

En nou laat ons ons hoofde buig net vir 'n oomblik.

2 Vader, God, ons kom in U Teenwoordigheid. En ons verwag dat U vir ons, vanmôre, net 'n ekstra seëninkie uit die Hemel sal gee, 'n aanrakinkie van die Pase in ons eie siele; dat, wanneer ons hier vertrek, ons mag sê, soos hulle wat van Emmáüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, as gevolg van Sy Teenwoordigheid nie?" Want, ons vra dit in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

3 Oorkant in die laaste boek, die 28ste hoofstuk van Matthéüs se Evangelie, en die 7de vers, wil ek graag lees vir 'n teks, soos ons in hierdie diens ingaan.

> *En gaan haastig, en sê vir Sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, Ek het julle dit gesê.*

4 Daar was baie groot opdragte wat aan die mens en die mense van hierdie aarde gegee is. Maar nooit was daar so 'n belangrike opdrag gegee as hierdie een nie: "Gaan sê vir Sy dissipels dat Hy opgestaan het uit die dode." Dis 'n groot opdrag. En die enigste manier wat dit gegee kon word, was omdat daar eers 'n groot oorwinning moes wees.

5 Daar was manne in ons dae, en in die dae wat verby is, en in die groot geskiedenis van hierdie wêreld, in sy groot breë slagvelde; daar was baie groot oorwinnaars, baie groot dinge wat gedoen is vir die menslike ras.

6 Byvoorbeeld, dink ek, soos ek afgekom het vanmôre, vroeg wakker geword het, en nie kans gehad het om baie te studeer nie. Want, ek het nie gisteraand geweet net watter deel, ons vandag sou hê, tussen my en die pastoor, in die dienste nie. Maar op my pad af, het ek net gedink wat sou, vanmôre, die beste wees wat ek weet om vir Sy mense te sê, om 'n boodskap te neem. Ek het hieraan gedink: "Gaan sê vir Sy dissipels." Nou, Sy *dissipels* is Sy

"volgelinge." 'n *Dissipel* is "een wat volg." En ek het gedink aan hierdie onderwerp, van, *Die Groot En Magtige Oorwinnaar*.

7 En gedink aan hoeveel groot oorwinnaars ons gehad het in hierdie wêreld, en watter groot dinge hulle gedoen het om die menslike lewenswyse te bevorder en te verbeter. Ek het gedink aan die groot Napoleon, destyds in sy dag, hoe hy nie eintlik 'n Fransman was nie, maar Hy het iets in sy gedagte gehad. Eerstens, het hy—hy Frankryk verag, hy het nie van hom gehou nie. Hy het van die eilande af gekom. Maar hy het 'n idee in sy gedagte gehad, dat, hy eendag sou oorwin. En die rede hoekom hy dit in sy gedagte gehad het, hy moes iets hê om mee te werk.

8 Vir elke man, voor jy 'n werk kan doen, moet jy 'n motief hê, 'n alternatief, iets waaraan jy werk, as 'n werksdoel, iets om volgens te werk.

9 En soos ons almal weet, deur die geskiedenis van Hitler te neem . . . of, nie Hitler nie, maar van—van Napoleon, dat hy die maan gevolg het, en volgens die verandering van die sterre. Hy het op daardie manier gewerk, en verwag; omdat hy dit daardie een keer gedoen het, en hy 'n oorwinning behaal het. En hy het oorgekom na Frankryk, en hy het 'n groot soldaat geword. Hy het baie mense doodgemaak, omdat hulle nie met hom wou saamstem nie. En hy het sy hele land skoongemaak, van alles wat teen hom was. Hy het dit net absoluut uitgewis, omdat hy dit so moes hê. As hy dit nie so gehad het nie, sou daar die heeltyd iets teen hom wees, en sy groot plan wat hy in sy gedagte gehad het. Sy eie lewe sou in gedrang wees, so hy moes net sy hele koninkryk net so volmaak hê, as wat hy dit kon kry.

10 Ek dink nou dat julle my hierin volg, van die groot Oorwinnaar waaraan ek dink. Alles in Sy Koninkryk moet vir Hom wees. Dit moet hart, siel, en liggaam, vir Hom wees. Daar kan niks teen Hom wees nie. Alles wat teen Hom was, dit sou Hy moes wegneem. Hy moet absoluut alles vir Hom hê. En toe . . .

11 Napoleon, hy het wapens, kanonne, gewere, roers, swaarde opgeneem. En hy het uitgegaan met hierdie een gedagte, dat hy die wêreld sou verower. En hy het dit feitlik gedoen, op omtrent die ouderdom van drie-en-dertig. Toe hy 'n jong man was, was hy was teen drank. En sy groot roem het hom so eiewys gemaak; en dit het op sy senuwees begin werk, totdat hy gesterf het op die ouderdom van drie-en-dertig, as 'n alkoholis. Sy gewildheid, hy kon dit nie hanteer nie. En ek dink aan 'n man, wat op hierdie, op die ouderdom van drie-en-dertig, die wêreld verower het en as 'n alkoholis gesterf het, as gevolg van sy roem, en die einste beginsel verloor het waarvoor hy geveg het. Hy was die—hy was die soort tipe, of, nie 'n tipe, sou ek sê nie, maar hy was die duiwel se instrument. En teen die wêreld probeer beveg, en hy het misluk, op drie-en-dertig.

12 Maar, o, hierdie groot, magtige Soldaat waarvan ek praat, het op die ouderdom van drie-en-dertig, alles oorwin wat op die aarde en in—in die hel was. Op die ouderdom van drie-en-dertig, 'n groot en magtige Oorwinnaar!

13 Ek dink aan die groot veldslae wat geveg is op die velde. Ons weet, om klaar te speel met Napoleon, dat hy aan sy einde gekom het by Waterloo. Dit was my voorreg, nie lank gelede nie, om te kyk na die nabootsings wat gemaak is van die ruïnes van sy wa, en die perderuiters en van die man, van hoe hulle gelê het op die slagveld. En die opgestapelde waens, die wiele gebreek, reg en buite op die vlaktes, van waar hierdie groot uitbeelding gemaak is.

14 En wat 'n kontras is dit! Om daardie man op drie-en-dertig te sien, en die skande te sien wat daar lê as die aandenking van sy groot veldslag en nederlaag; en om dan na Jerusalem toe te gaan, en te kyk na 'n leë graf, as 'n aandenking van die groot en magtige Oorwinnaar.

15 Op 'n manier, is daar iets in oorwinning. As ons iets het waarvoor ons veg, as daar 'n siekte in ons liggaam is, en ons veg tussen dood en lewe, wat 'n oorwinning is dit wanneer ons sien dit word verslaan. As ons veg teen 'n groot gewoonte, of iets groots wat op ons is, wanneer die groot vlae uiteindelik wapper en ons dit oorwin het; wat 'n gevoel gee dit ons, binne-in ons, want ons is dan 'n oorwinnaar.

16 Nou dink ek aan die laaste oorlog, en hoedat, toe Hitler Warskou ingeneem het. En die Duitsers het gedink dat dit een van die grootste oorwinning was wat kon behaal word, omdat hulle groot hoofkaptein, Adolf Hitler, op een slag alles in Warskou ingesink het, die brûe afgebreek het, en die groot brug geval het. Die koerante het groot foto's gepubliseer van die val van die brug. Die Duitsers het deur die straat gemarsjeer, en hulle het dromme geslaan en hulle het fluitjies geblaas, en die duisende vliegtuie het by hom verbygegaan, soos hy sy eerste groot oorwinning behaal het. Uitgegaan soos 'n Alexander die Grote, of 'n Napoleon, om die wêreld te verower, maar waar het hy geëindig? In skande. Hy het, beslis.

17 Ek kan onthou toe hulle die groot Burma Pas gebou het. Daar moes wees . . . as hulle oor die berg gegaan het. Party van die kêrels sit dalk hier vanmôre, wat oor hierdie groot pas gegaan het. Wat 'n taak was dit nie! Hoeveel goeie werk het dit gekos, en wat 'n goeie taak het hulle verrig! En hoeveel geld het dit gekos om daardie Burma Pas te bou, die miljoene dollars! Die kêrels wat hulle lewens verloor het, deur dit te doen! Maar uiteindelik, en na 'n tydjie, toe die laaste myl van die pad voltooi is, en toe die pas voltooi is, hoedat die oorwinningskrete opgestyg het van die mense af! Hulle het 'n pas gehad waarmee hulle oor die berg kon gaan, om die oorwinning te behaal.

18 Ek dink aan nog ’n pas, wat dit eendag die lewe van ons dierbare Here gekos het. Dit was nie net ’n pad op die aarde nie, maar dit was ’n hoofpad naamlik “die heilige hoofpad,” waardeur die onreine nie sal gaan nie, maar net hulle wat gemerk is. Net hulle wat aan die kant is waar Hy is, sal oor hierdie hoofpad gaan.

19 Groot oorwinnings is behaal. Baie van ons vandag kan die Eerste Wêreldoorlog goed onthou. Ek onthou toe ek net ’n klein seuntjie was, ek kon die fluitjies hoor blaas; en selfs die boere, op die land, het hulle perde gestop, en hulle hoede gewaai. Hulle het geskree. Hulle het gegil. Wat het gebeur? Die oorlog was verby. Oorwinning is behaal. Die groot ekonomie waarvoor ons veg, ons het uiteindelik die oorwinning behaal.

20 Ek dink aan hierdie laaste wêreldoorlog. Ek het net oorkant die straat gewoon. En toe die fluitjies begin blaas het, het mense in hulle agterplase ingehardloop; vroue met hulle voorskote aan, het hulle afgehaal, en hulle in die lug geswaai. Koeëls het deur die bome gevlieg. Fluitjies het geblaas. Motors het deur die strate gejaag. Mense het op hulle knieë geval, en hulle hande opgesteek. Hulle het geskree. Hulle het gehuil. Hoekom? Omdat die oorlog verby was. En die geseëndes, die dierbare seuns wat oorsee was, sou binnekort weer huistoe seil na hulle toe. Wat ’n oorwinning! Wat ’n tyd, en ’n opwinding vir enige hart! Wat ’n feesviering! Daardie aand, was almal in so ’n goeie luim, jy kon in die restourant instap en eet, en uitstap en nie daarvoor betaal het nie, dit sou in die haak wees. Jy kon die ander man se motor gebruik, dit sou in die haak wees. Jy kon vra wat jy wou, en jy sou dit waarskynlik gekry het. Want, hoekom? Die oorwinning is behaal. Die seuns was oppad huistoe. Dit was alles verby.

21 En ek dink, my broer, dis jammer dat daardie soort gevoelens nie die heeltyd kan bly nie. Maar, vir die Christen, vanmôre, is die oorwinning behaal. Die vreugdeklokke lui. Die oorlog is verby, tussen God en die mens. Die oorwinning is behaal.

22 Voor enige oorwinning behaal kan word, moet daar groot pryse betaal word. O, watter pryse! En partykeer is hulle baie diep, en hulle laat groot lidtekens, breek af. Maar, om die berg te kan hê, moet ons die vallei hê. Voor ons die sonskyn kan hê, moet ons die reën hê. Voor ons die lig kan hê, moet ons die nag kry. Voor ons reg kan hê, moes hulle verkeerd hê, of jy sou nooit geweet het wat verkeerd was nie.

23 Maar om te kan oorwin en om die grootste stryd te wen wat ooit gewen is, het Een uit die Heerlikheid uitgestap, baie jare gelede. En Hy het nie Self die vorm van ’n Engel aangeneem nie. Hy het nie gekom as een of ander groot persoon nie. Maar Hy sou bewys dat dit nie roers en koeëls, en atoombomme verg, om ’n oorlog te wen nie. Hy het Homself beklee met nederigheid, soos ’n klein babatjie, en is in ’n krip gebore. Daar was nie eers

'n plek vir Sy geboorte, toe Hy gekom het nie. Ek wil hê julle moet kyk na die verskillende materiaal van oorlogvoering, wat Hy gebruik het.

24 Nou, Adam se ras was almal in slawerny. Daar was hulle, sonder hoop, sonder God, sonder kans, sonder genade, sonder enigiets wat hulle kon help. Die groot vyande, van die laer sfere van die verlorenes, is toegesluit in duisternis. Daar was geen uitweg nie. Daar was niemand wat kon help nie. Niks kon gedoen word nie. Dit het gelyk soos 'n totale, algehele nederlaag.

25 Maar ons Held, Wat uit die poorte van Heerlikheid afgekom het, neergedaal het!

26 Want, daar was niemand op aarde wat die taak kon verrig nie. Hulle was almal, wêreldsgesproke, in dieselfde bootjie. Ons is, almal: "gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, en kom na die aarde as leuenaars." En niemand van ons kan mekaar help nie. Ons het hulpeloos gestaan, verslaan, chaos aan elke kant, heeltemal onverenig. Ons kon nie wette en seremonies hou, hulle swakheid vind ensovoorts nie, ons kon dit nie doen nie. En dit het gelyk asof die hele menslike ras verwoes was.

27 En toe het Hy gekom, het Hy afgekom. Want: "Hy was in die begin," die Bybel het gesê: "Hy was die Woord." Hy was die Logos wat uit God uitgegaan het. En die Logos, in die begin, was die Woord. En Hy het die Woord geword. Toe, toe Hy opgevaar het op daardie glorieryke dag van Pase, het Hy nie net die Woord geword nie, maar Hy het die Hoëpriester van Sy Eie Woord geword. O, wat 'n glorieryke ding, Broer Neville! Dink net! Hy's nie net die Woord nie, maar Hy is die Hoëpriester van Sy Eie Woord. Hoe kan ons dit betwyfel? Hoe kan ons na Hom toe stap en nie glo ons ontvang waarvoor ons gevra het nie? Want, Hy is die Woord en die Middelaar van die Woord! Die Logos het Woord geword, en die Woord het vlees geword; en dieselfde vlees wat die Woord was, is opgeneem in Heerlikheid, en is nou die Hoëpriester wat Self voorspraak maak, vir Sy Woord.

28 Dis wat dit verg! Dis die materiaal wat die Kerk het. Wat 'n wapen! Daar was nog nooit een soos Dit nie. Hy was die Woord. En toe Hy gekom het, is Hy in 'n krip gebore. Hy het gekom om die wapen van l-i-e-f-d-e, liefde, te gebruik om die wêreld te verower; nie met weermagkoeëls nie, nie met masjiengewere en tenks nie. Maar Hy het op 'n ander manier gekom. Hy het in die vorm van liefde gekom. Hy was God se liefde.

29 Eens op 'n tyd, as 'n klein seuntjie, het ek altyd gedink dat Christus my liefgehad het, en God my gehaat het; omdat Christus vir my gesterf het, maar God iets teen my gehad het. Maar ek het uitgevind dat Christus die einste hart van God is. "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, dat wie ook al in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê."

30 Nou Hy het eerstens gekom, om te verower. En die ding wat die duiwel in die wêreld geplaas het, was haat. En Hy het gekom om haat te oorwin. Wanneer ons ons veldslae wen, ensovoorts, in die wêreld se veldslae, laat dit altyd, voortdurend, 'n haat; omdat, veldslae van daardie aard, van die vyand is. Maar Christus het met liefde gekom, om haat te verower, om hulle lief te hê wat nie liefgehê kon word nie. Hy het gekom met 'n ander soort wapen. En Hy het Homself verneder: "'n bietjie laer as die Engele gemaak," om die dood te sterf, en om 'n voorbeeld te gee. En toe Hy hier op aarde was, het Hy onder die mense gewandel.

31 Hy het Sy oorlogswapens bewys, toe Hy die siekes genees het. Toe Hy vyf klein broodjies en twee stukkies vis geneem het, en vyfduisend mense gevoed het, het Hy bewys Hy het die mag oor elke atomiese wat daar was. Nie net het Hy vis vermeerder nie, maar Hy het gaar vis vermeerder. Nie net het Hy koring in daardie broodjies vermeerder nie, maar Hy het gaar koring vermeerder in daardie broodjies. Dit het gewys dat Hy daardie groot en magtige Oorwinnaar was! Nie net het Hy die water uit die put gekry nie, maar Hy het daardie water, wyn gemaak, uit die put. Hy het bewys dat Hy Krag gehad het om te oorwin. En Hy het liefgehad, en Sy wapen was liefde. Nou let op.

32 Toe, toe Hy dit gedoen het, toe Hy eendag gestaan het langs Lásarus se graf, en daar was 'n man, dood, en begrawe vir vier dae. Selfs hulle wat by was, het gesê: "hy stink selfs nou al." Sy neus het ingeval, die velwurms het daardeur krioel. En Jesus het daar gestaan, as die magtige Oorwinnaar, toe Hy vir Marta en Maria gesê het, toe Hy daar gestaan het: "Het Ek nie vir julle gesê: 'As julle net kon glo, sou julle die heerlikheid van God aanskou' nie?" Hy het net so pas gesê (toe hulle gesê het: "ons broer is dood," ensovoorts), het Hy gesê: "Ek is die opstanding en die Lewe! Hy wat in My glo, hy sal lewe, al het hy ook gesterwe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie. Het Ek julle nie so pas gesê dat daardie Ewige, kosbare Krag in My lê nie?" Hy het nooit net 'n stelling gemaak nie, Hy was in staat om alles uit te voer wat Hy gesê het, want Hy was die magtige Oorwinnaar.

33 In Hom het gewoon, teruggehou, gesluier met menslike vlees, as 'n man, maar daarbinne het niemand minder as Almagtige God gewoon nie, die groot en magtige Een. Hy kon herskep. Hy kon nuwe dinge skep. Hy kon spreek, en waarvoor Hy gevra het, sou op daardie sekonde gegee word. Maar, Hy het Homself verneder, Hy het laag gebly. Hy wou 'n voorbeeld gee. Hy wou die regte soort Oorwinnaar wees, en Hy was. Nou, Hy het Homself bewys om te wees.

34 Soos ek dikwels in my diens gesê het, miskien sal dit getuig vanmôre, in hierdie groep mense, op hierdie pragtige Paasoggend. 'n Dame, wat aan 'n sekere kerk behoort, wat nie glo aan die aanvaar van die Bloed van die Here Jesus nie. "Sonder

die stort van Bloed, is daar geen vergifnis van sonde nie." Sy het vir my gesê dat die Man net 'n profeet was, 'n wonderlike Man, en ek het Hom Goddelik gemaak. Ek het gesê: "Hy was Goddelik. Hy was God."

Sy het gesê: "Jy probeer Hom te groot maak."

35 Ek het gesê: "Daar is geen woorde wat Sy grootheid kan beskryf nie!" Die mens se tong het nog nooit die uitdrukking gevind nie!

36 Nou die dag met 'n man gepraat, 'n diplomaat van Washington, DC, en hy het gesê, by 'n klein getuienis by 'n—'n ontbyt waar ons saam vergader het, hy het gesê: "Broer Branham, ek was 'n Lutheraan my hele lewe lank. Maar," hy het gesê: "nou die dag terwyl ek 'n outydse herlewing bygewoon het," gesê: "het ek gekniel by 'n altaar, en wou 'n ondervinding met God hê." Hy het gesê: "En terwyl ek daar op my knieë was . . . " Nou, hierdie is 'n Washington diplomaat wat selfs onder President Cooledge gedien het. En toe hy "opgekyk het," het hy gesê: "het ek 'n visioen van Jesus gesien." Hy het gesê: "Ek kan nege verskillende tale vlot praat." Hy het gesê: "Maar ek kon nie een woord vind om te sê, in enige van daardie nege tale nie." Hy het gesê: "So ek het net my hand opgesteek, en Hy het vir my 'n nuwe een gegee, om mee te praat." Hy het gesê: "Ek het net die Heerlikheid van Sy aangesig aanskou."

37 Hierdie dame sê vir my, sy het gesê: "Broer Branham, Jesus was niks meer as 'n man nie, net 'n profeet."

Ek het gesê: "'Hy was God,' my suster."

38 Sy het gesê: "Jy maak Hom Goddelik, maar Hy's nie." So sy het gesê: "Op die pad af, na die rol . . .lê, graf van Lásarus, het die Bybel gesê: 'Hy het geween.'"

39 Sekerlik, Hy was die einste hart van God. Hy het gely soos ons ly. Hy was vlees soos ons vlees is. Hy het, in Sy liggaam, dieselfde begeertes en dinge gedra wat ons dra. Tog, om 'n volmaakte Offer te word, moes Hy dit doen. Hy het. Maar ek het gesê . . .

Sy het gesê: "Hy het geween, oppad na Lásarus se graf toe."

40 Ek het gesê: "Maar, o, dame, dis reg. Hy was 'n Man, toe Hy geween het. Maar toe Hy daar gestaan het, langs daardie graf, waar die stil dooie gelê het; waar 'n verrotte liggaam gelê het, bedek met 'n lap; toe Hy gesê het: 'Neem die steen weg.' Hy het Sy klein statuur reggetrek, en gesê: 'Lásarus, kom uit!' En 'n man wat dood was, vir vier dae, het op sy voete gestaan."

41 Wat was dit? Verganklikheid het sy Maker ontmoet. Die siel ken sy Meester. En daardie groot en magtige Oorwinnaar het daar bewys dat Hy die Mag oor die dood, Hemele en hel, en die graf het.

42 Sekerlik, maak dit ons harte opgewonde! Jy praat van skottelgoedpanne slaan, en toeters blaas? Die wêreld behoort

in 'n jubelfees te wees vanmôre, soos wat dit nog nooit was nie, die uitroepe en krete van Sy mense, want hierdie is die herdenkingsdag dat toe Hy die laaste vyand oorwin het, en ons gevangenes vrygestel het.

43 Ja, Hy was 'n Man. Dis reg. Hy het bewys om 'n Man te wees, en Hy het bewys om God te wees. Een aand toe . . .

44 Die groot ontstuimige see, wat duisende lewens opgeëis het. Miskien sommige van julle moeders hier, vanmôre, julle seuns het gesterf op die onstuimige see daar oorkant, het miskien onder die golwe gesink in hierdie wêreld se wye slagvelde. Party van julle geliefdes lê daarbuite, miskien onder die see.

45 Maar een aand, toe Hy in 'n klein bootjie gelê het, en die golwe rondgespring het op die see, soos 'n bottelprop. Hy het opgestaan, en Sy voet op die rand van die boot gesit. Hy het opgekyk na die Hemele, en gesê: "Stilte." En vir die golwe, het Hy gesê: "Wees stil!" En daardie magtige see het glad geword totdat daar nie 'n plooitjie op was nie. Sekerlik, Hy was!

46 Dis waar dat Hy honger geword het soos 'n Man. Toe Hy van die berg af gekom het en Hy honger was, gekyk het na 'n boom vir iets om te eet, was Hy 'n Man. Maar toe Hy daardie vyf broodjies geneem het en 'n paar vissies, en vyfduisend gevoed het, was Hy meer as 'n Man.

47 Toe Hy negentienhonderd jaar gelede gesterf het, eergister, gehang het aan 'n kruis, geskree het om genade: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Hy het gesterf soos 'n Man. Maar iets-oor-die-negentienhonderd jaar gelede, vanmôre, het Hy bewys wat Hy was! Hy het die laaste seël van Sy messiasskap gegee toe Hy die bande van die dood en hel uitmekaar uit geskeur het, en uit die graf uit opgestaan het, triomfantlik: "Ek lewe vir ewig! En, omdat Ek lewe, lewe julle ook!"

48 Daar is die Oorwinnaar! Jy praat van voorskote uitpluk en dit ronswaai? Mense sê ons is mal omdat ons skree en ons hardloop, en ons skree en ons gil. Hulle het nog nooit die vibrasies van die oorwinning van die Hemel gevoel, dat: "Die stryd verby is!" nie. Ons groot, magtige Oorwinnaar het elke oorwinning behaal! Hy staan alleen, vanmôre, ongeweënaar!

49 Toe Hy na die aarde toe gekom het, het hulle Hom die laagste naam gegee wat hulle Hom kon gee, as 'n "fanatikus." Hulle het Hom *Beëlsebub* genoem: "die prins van die duiwels." Dis reg. Hy het na die laagste stad gegaan wat daar op die aarde is, Jérigo, en die kleinste mannetjie in die stad moes afkyk om Hom te sien. Maar toe God Hom, negentienhonderd jaar gelede, opgerig het! Dis wat die mense aan Hom gedoen het. Maar, met die wapen van liefde, het Hy elke duiwel verslaan.

50 En God het Hom so hoog opgelig, en vir Hom 'n Naam gegee bo elke naam wat daar in die Hemel en aarde genoem word. Elke naam in die Hemel buig voor die Naam van "Jesus"! Elke Engel,

elke monarg, alles buig voor die Naam van "Jesus"! Elke tong sal Hom bely, elke knie sal voor Hom buig. En Hy het so hoog opgevaar, todat Hy selfs moet afkyk om die Hemele te sien. Dis die magtige Oorwinnaar! Dis die Een wat dit gedoen het! Toe Hy die aarde verlaat het, na, ons gisteraand gehad het, het Hy die sleutels van die dood en die hel gehad wat aan Sy sy hang, amen: "Moenie bevrees wees nie, Ek is Hy wat dood was, en weer lewendig is tot in ewigheid. En" (*en* is 'n voegwoord) "Ek het die sleutels van die dood en die hel, wat net *hier* hang." Praat van 'n Oorwinnaar! "En, omdat Ek oorwin het, het Ek net 'n hoofweg gemaak vir julle om op te reis."

51 Die mens is die Hemel verbied, die hoofweg is gesluit. Daar was geen hoofweg nie. Maar, waar daar geen hoofweg was nie, het Hy gekom om een te maak. O, goeiste! Die eerste lyn was demone van ongeloof, die volgende was vooroordeel, die volgende was selfsug; hierdie aarde is bedek met lyne van demoniese mag; dan siekte, kwale. Maar toe Hy begin opvaar het na die Hemel! Gisteraand het ons gehad hoe Hy uit die hel kom, met die sleutels van die dood en die hel aan Sy sy. Vanmôre neem ons Hom op. Halleluja! Toe Hy opgestaan het, het Hy gehad . . . Hy het triomfeer. En, soos Hy opgegaan het, het Hy elke duiwelsmag verbreek wat oor die mens heers. Hy het opgevaar in die Hoogte, en gawes aan die mense gegee, die gawes van die Heilige Gees. Die magtige Oorwinnaar! Hy staan ongeëwenaar, vanmôre! En, tussen Hom en elke gelowige, is die geseënde ou hoofweg van heiligheid waarop die regverdige sal wandel. Daar is geen ontsnappingsroete nie. Daar is net een lyn gesny vanaf die Heerlikheid. Hy het die Bloederige Voetspore gelos soos Hy deur die gange van die demoniese magte geloop het, en 'n hoofweg vir ons gemaak het, die heelpad deur. Hy sit in die Hoogte, vanmôre, as die magtige Oorwinnaar!

52 Sy mense hou 'n jubelfees. Tienduisende van hulle, om die wêreld, skree die oorwinning uit.

53 Ek het hierdie ou koue formele kerkaansluiting dopgehou. Ek kan my voorstel iemand sê . . . Ek sal jou die teendeel daarvan bewys.

54 Hier, sodra die Eerste Oorlog verby was, het 'n boodskap hier in die pad afgekom, in 'n Greyhound bus beland. Hulle het gesê: "Wat is al die geraas? Waaroor gaan dit alles?"

55 En een van hulle het gesê: "Kyk hierna, hier's die koerant. Die oorlog is pas verby." En almal wat huil en skree.

56 Maar een vrou het gesê: "O, goeiste, hoekom moes dit so eindig?" Gesê: "As dit net 'n paar dae langer kon aanhou," gesê: "sou ek en John in gemak kon leef." Gesê: "Ons sou daar gesit het."

57 Daar het 'n man in die agterkant gestaan, in die staanplek van die bus; daardie vrou beetgekry, en haar amper deur die deur

gegooi. En toe die polisie die man arresteer het, het hy gesê: "Die rede waarom ek dit gedoen het," het hy gesê: "daardie vrou het niemand daar oorkant gehad waaroor sy besorg was nie. Maar ek het twee seuns daar oorkant." Hy het gesê: "Ek kon nie my emosies beteuel nie."

58 O, broer! Ek het 'n vader daar oorkant. Ek het geliefdes daar oorkant. Dit beteken iets vir my, toe Jesus oorwin het. Ek het 'n vrou. Ek het 'n babatjie. Ek het geliefdes. Daardie groot, magtige Oorwinnaar! Jy kan my "holy-roller" of 'n "godsdienstige dweper" noem, wat jy ook al wil. Maar, wanneer ek dink aan die groot oorlog, dat dit afgehandel is, die prys betaal is, die oorwinning behaal is. Jesus het opgestaan uit die dood, die finale seël van Sy messiasskap, dat dit alles verby is. Hy's lewendig, vanmôre, met die sleutels van die dood en die hel. Ek het geliefdes wat oorkant die grens is daar. Ek's op hierdie ou groot hoofweg, aan die stap om hulle te sien. Moenie dink ek is mal nie. O, maar ek's so bly dis alles afgehandel! Dis 'n voltooide werk.

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
> Begrawe, het Hy my sonde ver weggedra;
> Opgestaan, het Hy vrylik geregverdig vir ewig;
> Eendag kom Hy, O heerlike dag!

59 Hierdie geseënde ou doop van die Heilige Gees, om ons te lei op hierdie wonderlike ou hoofweg, o, hoe glorieryk is Dit! Hoe kan ek ooit skaam wees Daarvoor? Ek staan by Paulus, vanmôre, deur dit te sê: "Ek is nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie, want Dit is die Krag van God tot redding." Dis die Krag oor siekte. Dis die Krag oor die dood. Dis die Krag oor die graf.

60 Toe daardie streng, ou apostel aan die einde van sy pad gekom het, en hulle sy graf daarbuite gegrawe, en die dood hom in die gesig gestaar het, het hy reg in die gesig daarvan gelag. Hy het gesê: "Dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning?" Toe het hy die eer van God uitgeroep: "Maar dank God Wat vir ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus!"

61 Die magtigste Oorwinnaar wat ooit gelewe het, die magtigste Oorwinnaar wat ooit gesterf het, want Hy was die enigste Een wat kon oorwin; sterf, en die dood self oorwin, en weer opstaan in triomf! Hy het bewys wat Hy was. Dit was die laaste seël van Sy messiasskap.

62 En nou, per toeval, as daar iemand sou wees in hierdie gebou vanmôre, wat 'n louwarm kerklidmaat is, en nie die vreugde ken van die stryd wat verby is nie. Mense skree, mense juig, mense huil! Jy sê: "Wat makeer julle?" Hulle weet dis iets wat verby is. Dis alles verby! Sekerlik! Ons [Broer Branham klap sy

hande—Red.] speel die orkeste. Ons skree die trompette uit, en die Evangelie gaan uit. Die heerlikheid en Krag van God is bekend. En dis 'n volbragte werk, die verdrag is onderteken; eer aan God, Christus het dit in Sy Eie Bloed geteken! Die oorlog is verby. Die oorwinning is behaal. Ek het dit nooit behaal nie; Hy het dit behaal! Ek's net bly daaroor. Goeiste!

63 Toe sommige van daardie kêrels wat teruggekom het van oorsee, hulle sê my, toe die skip in New York ingekom het, net soos wat dit in die hawe ingekom het, het hulle oorkant toe gekyk en hulle het die Vredesstandbeeld gesien. Dis die eerste ding wat jy sien uitsteek. Hulle het opgestaan, party van daardie kreupel veterane buite op die dek van die skip, sodat hulle dit kon sien. En toe hulle daardie Vredesstandbeeld begin sien het, het hulle begin huil. Hulle het geween. Hulle kon dit nie help nie. Yslike groot manne het daar gestaan, groot manne met growwe hande, wat skud en bewe. Hulle kon nie hulle emosies beteuel nie. Hoekom? Dit was 'n simbool van vryheid. Net agter die Vredesstandbeeld, het gelê . . . was pappa, mamma, geliefdes, liefling, vrou, babatjie, alles op hierdie aarde wat kosbaar was vir hulle, het net daaragter gebly. En net voor hulle ingestap het, het hulle herken, dit was die land van die vryes en die tuiste van die dapperes. Sekerlik, dit sou jou emosies skud, daardie ou vlag wat wapper. Dink daaraan, 'n oorlog-geskende veteraan wat in die hawe inkom! Sekerlik, was dit 'n wonderlike tyd.

64 Maar, o, broer, een van hierdie môres, wanneer die ou Skip van Sion blaas, en ek daardie embleem daar sien staan, die ou ruwe Kruis! Terwyl die winde haar ou grys baniere wapper, soos sy deur die mis van die dood beweeg. Wat 'n oorwinning is dit! Wel, geen wonder ons kan nie ons emosie beteuel nie! Iets het gebeur; ons het medeburgers geword. Die ding is afgehandel.

65 Toe hulle die groot brug tussen Noord en—en—en—en Suid-Australië gebou het, vanaf Sidney, oor na Suid-Sidney. Hoe elke man geneem het . . . Wel, hulle het regoor die land gegaan, om manne te kry om dit te doen. Daardie taak was so groot, omdat hulle gesê het niemand kan dit doen nie. Uiteindelik, het 'n man van Engeland gesê: "Ek sal die taak verrig." En toe hy daaronder gekom het om daardie taak te verrig, het hy elke bout getoets wat in die brug ingegaan het. Sy reputasie was op die spel. Hy het al die modder getoets en alles wat ingegaan het. Hy het gekry, en die beste wat hy kon kry; hy het die heel beste werktuigkundiges gekry, die heel beste chemici, die heel beste van alles wat hy kon kry, om hom. En uiteindelik, toe die brug voltooi was, en die dag het gekom wat sy getoets moes word.

66 Die kritici het eenkant gestaan, en hulle het gesê: "Dit sal nie staan nie. Dit sal uitmekaar skud. Dis te sanderig daaronder."

67 Maar hy het ver, ver, ver, ver ondertoe gegrawe. Hy het vertroue gehad. Hy het geweet dat alles getoets is. En hy het

gesê: "Ek sal die eerste keer self oorgaan." En soos hy oor die brug geloop het, voor die burgemeester uit, hy so agterna; en die groot treine, omtrent ses langs mekaar, wat oorkom, daardie brug skud. Die groot man wat dit gemaak het, het voor hierdie optog geloop, soos hierdie: "As sy val, is ek saam met dit." Maar hy het vertroue gehad.

68 Dis hoe ons dierbare Here gemaak het toe Hy Sy Kerk gemaak het! Hy toets elke bout, alles wat Daarin gaan, want Dit moet Bloed-gewas wees! En een van die kritici wat langs die kant staan, het gesê: "Daardie klomp holy-rollers, hulle sal dit nie maak nie." Maar een van hierdie wonderlike dae! Hierdie groot, magtige Oorwinaar loop voor ons uit vandag, triomf! Laat haar vibreer, doen wat sy wil, Hy sal. . . Daar sal nie een gly daarin wees, nêrens nie, want Hy het die weg gebaan, en dit voltooi. Sekerlik!

69 Ons dink vandag in terme van die mense, kry ons gedagtes op dinge van die wêreld. Maar laat ek jou iets vertel, broer, moet my nooit laat skaam word vir die Evangelie nie! O, broer, ek's net 'n outydse, wedergebore, Heilige Gees-geborene, uit die Gees van God. Ek is so gebore, dis al wat ek is, en al wat ek ooit wil wees.

70 Eenkeer, nie lank gelede nie, was daar 'n meisie wat weggegaan het kollege toe. En sy was 'n lieflike meisietjie. En toe sy teruggekom het huis toe, het sy sommige van haar kollege-idees saam met haar gebring.

71 En miskien, het sommige van julle, vanmôre, van julle buitenste idees saam met julle gebring. Miskien het julle baie van julle idees saamgebring kerk toe. Wel, raak ontslae van hulle, is die beste ding wat ek weet om te doen.

72 Toe het hierdie meisie, toe die trein stilgehou het aan die voorkant. Sy het 'n klein meisietjie saam met haar gebring, een van daardie klein niksnutte, julle weet, soos die Elvis Presley tipe. En toe sy daar gestaan het, julle weet, op die trein. Haar moeder was aan die buitekant; 'n ou vrou wat daar gestaan het, vol lidtekens, in haar gesig; klein, krom skouertjies; klein katoenrokkie aan, 'n tjalietjie oor haar skouers. En hierdie klein niksnuts wat by haar was, hierdie ander meisie, het afgekyk, en gesê: "Wel, wie is daardie ellendige, onaantreklike ou sukkelaar?"

73 Wel, julle weet, dit het die meisie so skaam gemaak, sy het gesê: "Ek weet nie," want sy was net so preuts, en het soveel wêreldse idees in haar kop gehad. En dit was haar eie moeder.

74 Toe sy van die trein afklim, het die ou moedertjie soontoe gehardloop, om haar arms om haar te gooi. Sy het gesê: "O, skat, God seën jou hartjie." En sy het haar rug gedraai en begin wegloop, asof sy haar nie geken het nie. Sy was skaam, omdat haar ma so lelik was.

75 En dit het so gebeur, dat die kondukteur op die trein, die storie geken het. Hy het soontoe geloop, en sy hande op daardie meisie se skouer gesit, haar omgedraai voor daardie gehoor, gesê: "Skaam jou! Skaam jou!" Gesê: "Ek het die tyd beleef toe jou ma tien keer mooier as jy was." Gesê: "Sy was. Ek het in die buurt gewoon." En gesê: "Jy was 'n klein babatjie, en jy was bo op die eerste verdieping in jou krip. En jou moeder het klere opgehang in die agterplaas." En gesê: "Meteens, het die houtverwarmer aan die brand geslaan, en die hele huis was aan die brand. En toe jou moedertjie gehardloop het, en geweet het jy was op die boonste verdieping, daarbo." Gesê: "Hulle het geskree, en haar probeer gryp. Maar sy het afgeruk, wat sy aangehad het en deur daardie vlamme gehardloop, bo na die boonste verdieping; en haar klere van haar lyf af gepluk, en jou daarin toegedraai. En hier het sy teruggekom, deur daardie vlamme, en jou gedra. En sy het flou geraak, in die erf, en jy in haar arms." En gesê: "Sy het gevat wat haar sou beskerm, en vir jou beskerm." En gesê: "Die rede waarom jy mooi is vandag, dis die rede waarom sy lelik is. En, wil jy vir my sê, jy sou skaam wees vir daardie lidtekens aan jou moeder?"

Ek dink vandag:

As Jesus die kruis alleen dra,
En die hele wêreld vrygaan?
Daar's 'n kruis vir elke een,
En daar's 'n kruis vir my.

76 As Jesus bestempel is as "Beëlsebub," deur hierdie wêreld, Hy voor gelag en bespot is, en aan 'n kruis gehang is, en 'n skande gemaak is, vir my; is ek meer as gelukkig om die smaad van Sy heiligheid te dra. Ja, meneer, "holy-roller" genoem te word, wat julle ook al wil noem, watter opmerking julle ook al wil maak. Dit stop dit glad nie. Ek's net bly, vanmôre, dat, in my hart, die verrese Christus leef en regeer. Ek is een van Sy onderdane. Ek vertrou dat julle ook is.

77 Ons tyd is nou verby. Dis presies sewe-uur, wat ons gesê het ons sou verdaag. Nog dienste sal begin binne omtrent twee ure, nou, om nege-dertig.

Laat ons ons hoofde buig, net 'n oomblik, in gebed.

78 Dierbare Hemelse Vader, vyf-en-veertig minute is verby, die Woord het uitgegaan. Ons harte is bly. Die jubelfees is aan; nie net 'n jubelfees vir een dag nie, maar 'n jubelfees vir Ewigheid! In die Heerlikheid, sing die Engele. O God, die Kerk, triomf, sing. Die vreugdeklokke lui. Siele wat eenmaal ter dood veroordeel was, en om te sterf en na die duiwel se graf toe te gaan; die duiwel is oorwin. Die dood is oorwin! Die graf is oorwin. Siekte is oorwin. Bygelowigheid is oorwin. Kwaadwilligheid is oorwin. Haat is oorwin. Afsydigheid is oorwin. Styfheid is oorwin.

Eiegeregtighede is oorwin. Alles is oorwin. Christus is die groot Oorwinnaar!

Kyk, aanskou die magtige Oorwinnaar, (het die digter gesê)
Kyk, aanskou Hom oop en bloot,
Want Hy is die magtige Oorwinnaar,
Na Hy die sluier in twee geskeur het.

79 Hy het daardie sluier geskeur wat die mens van God verberg het, en nou woon God onder die mense. Hy het daardie sluier geskeur wat God se genesing weerhou het. Hy het daardie sluier geskeur wat God se seëning weerhou het. Hy het daardie sluier geskeur wat God se vreugde weerhou het. Hy het daardie sluier geskeur wat God se vrede weerhou het. Nou is die sluier geskeur in twee. Met Sy Eie Bloed, het Hy gewandel as 'n Oorwinnaar! Die stryd is verby, Hy het dit aan ons bewys in Sy opstanding. En nou is die Heilige Gees 'n getuie, gestuur om ons te lei.

80 O Ewige God, as daar iemand hier is vanmôre, wat net voortgegaan het, in-en-uit, van die hoofweg af, wat net die pad byster geraak het; nooit in staat was om reg in die middel uit te stap, saam met die groot helde, die groot helde wat die middel van die hoofweg bewandel het nie; bid ons, vanmôre, dat hulle hulle alles aan U sal oorgee, en sal uitkom en hierdie groot oorwinning sal geniet, wat behaal is, deur ons verrese Here. Skenk dit, Vader, want ons vra dit in Christus' Naam.

81 En terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek wonder, in hierdie oomblik van tyd, dat of jy jou hande sal opsteek na Christus, en sê: "Christus, ek waardeer, ek sal nooit weer skaam wees vir U nie. Ek was net 'n bietjie skugter." God seën jou, dame. God seën jou, meneer. God seën jou en jou. O, goeiste, die hande wat oral gaan! "Ek was 'n bietjie skugter. Ek was soort van skaam. En ek sien nou regtig my toestand. Ek moes dit nooit gedoen het nie. Ek behoort net uit te staan, my getuienis te gee! Ek behoort presies dit te wees. Ek behoort almal te vertel: 'Ek's wedergebore.' Ek behoort almal te vertel: 'Ek het die Heilige Gees ontvang.' Ek's nie skaam vir die Evangelie nie, want Dis die Krag van God tot redding. Ek wil 'n regte voor-op-die-wa Christen wees. Ek was nie. Maar, met God se hulp, vanaf hierdie Paasoggend, sal ek wees. Ek sal wees." Iemand anders julle hande nou opsteek voor ons bid? God seën jou, jou, jou.

82 Goeiste, kyk na die besluite! Ten minste vyf-en-twintig of dertig, wat onder hierdie groepie mense sit vanmôre, het 'n besluit gemaak. Vanaf hierdie groot triomferende oggend, gaan hulle, deur God se genade, uitstaan en nie skaam wees vir die Evangelie nie, want Dis die Krag van God tot redding.

83 O God, soos hierdie hande opgegaan het, en die musiek soet terug-eggo in die pad af, soos ons oorgegaan het uit die dood na die Lewe, want U het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en aan

Hom glo wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe." Hulle het oorgegaan uit die dood na die Lewe, want U het die dood geword sodat hulle Lewe kan word, deur U opstanding. U is laer as die Engele gemaak, afgekom om 'n mens te wees, uit daardie groot Teofanie gekom van Bo af, wat vlees geword het; en Bloed gehad het, en daardie Bloed gestort het, dat U 'n ontsnappingsroete vir ons almal kon maak. Toe nie net dit gedoen nie, (ons lees dit in die Bybel), maar U het dit bewys, onfeilbaar, deur op te staan uit die dood, en die dooies op te rig toe U hier op aarde was; nie net dit nie, maar U het gegee, U het dit 'n dubbele sekerheid gemaak, soos wat U het aan Abraham; nou, behalwe dit, het U die Heilige Gees teruggestuur as 'n getuie. En ons het Sy kosbare Teenwoordigheid by ons, en in ons, wat ons rig, ons lei in alle Waarheid en Lig.

84 Ons dank U vir hierdie baie hande wat opgegaan het, vanmôre, wat sê: "Ek neem Christus nou as myne aan." O God, as hulle nooit gedoop is in die water, om die groot dood, begrafnis, en opstanding van hulle dierbare Here voor te stel nie, mag hulle terugkom na die diens toe vanmôre, en hulle klere bring, en gereed om ondertoe te gaan in hierdie ysige bad. Skenk dit, Vader.

85 Seën ons. Vergewe ons van ons sonde. Ons sal U die eer gee, deur die eeue wat sal kom. Wanneer die stryd verby is, wanneer die rook alles weggesterf het; en al die vreugde verby is, van hierdie aardse lippe, waarmee ons U loof met alles wat ons het, sal ons nuwe stemme moet hê, nuwe wesens, om U mee te loof. Mag ons dan ingaan met vreugde. Want ons vra dit in Christus' Naam. Amen!

86 Laat ons nou op ons voete staan . . . ? . . . Moenie die dienste vergeet nie, nege-dertig. Gaan huistoe, eet julle ontbyt. Kom terug, ons verwag om by julle te wees nou. En dan vanaand, onthou. Ek moet wegkom vanmiddag, om te studeer en bid.

87 Want ek sê vir julle, dat Christus leef, Hy is nie dood nie. En ek glo, met my hele hart, Hy sal reg in hierdie gebou wees vanaand, om te wys dat Hy lewendig is, om dieselfde dinge te doen wat Hy gedoen het op daardie eerste Paasoggend en deur Sy lewenswandel. As dit nie so is nie, dan was ek 'n valse profeet. Ek is so bly om te weet, in hierdie groot donker uur waarin ons nou lewe, wanneer alle hoop, skynbaar, weg is; ons Christus, die vaste Rots, kan staan, alle ander grond is dryfsand. Goed.

88 Ons klein, verdagingsliedjie, van *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou.* Almal, saam nou.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee,
Dit sal vreugde en . . .

89 Draai reg rondom, en skud hande, en sê: "Prys die Here," vir iemand langs jou. [Broer Branham skud hande met ander, juig en sê: "Prys die Here!"—Red.]

Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dier'bre Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

90 Nou kyk almal na hierdie kant toe? Laat ons Hom net prys. Laat ons net ons hande opsteek, en sê: "Dankie, Here, vir die redding van my siel." Goed, almal!

Dankie, Heer, want U red my siel.
Dankie, Heer, want U maak my heel.
Dankie, Heer, want U gee vir my,
U groot verlossing so vol en vry.

91 Wat 'n kosbare ding! Het julle Hom lief? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen. Amen."—Red.] O, die. . . Alles is nou voltooi, kinders. Alles is verby, daar is geen stryd meer nie, daar is geen oorlogvoering meer nie, niks wat julle hoef te doen nie; dis alreeds gedoen. Ons juig net! O, goeiste! Ons is volledig, in Hom!

. . . leun,
Veilig en beskerm teen elk' gevaar;
Leun, leun,
Deur op die ewige Arm te leun.

O, hoe soet om hierdie pelgrimspad te volg,
Deur op die ewige Arm te leun;
O, hoe duidelik word die pad van dag tot dag,
Deur op die ewige Arm te leun.

Leun, leun,
Veilig en beskerm teen elk' gevaar;
Leun, leun,
Deur op die ewige Arm te leun.

Julle wat kan, en 'n sakdoek het, haal dit uit.

. . . o, leun,
Veilig en beskerm teen elk' gevaar;
Leun, leun,
Deur op die ewige Arm te leun.

Nou julle Bybel!

Leun, leun,
Veilig en beskerm teen elk' gevaar;
Leun, leun,
Deur op die ewige Arm te leun.

92 Wat is dit? Veilig en beskerm, alles verby, alles klaar, die stryd is verby, die laaste seël is gebreek, Hy het opgevaar. Halleluja!

Leun, leun,
Veilig en beskerm teen elk' gevaar;
Leun, leun,
Deur op die ewige Arm te leun.

93 Nou laat ons ons hoofde buig na die stof waaruit God ons gehaal het, waar ons eendag sal opvaar uit die stof van die aarde. Want, ons Here, gebring uit die stof, het na die stof gegaan; om vir ons Sy onsterflike Gees te gee, het Hy opgevaar uit die stof. En almal van hulle wat in Hom is, sal eendag saam met Hom opvaar, na die sfere van die geseëndes.

94 Terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek sien Broer Smith is in ons midde, vanmôre, die pastoor van die Kerk van God; my gisteraand besoek. Broer Smith, sal jy net naderstaan. Ek wonder nou, of Broer Smith ons sal verdaag in 'n Woord van gebed. Soos julle dan na julle huise haas, en julle ontbyt nuttig. Kom terug vir Sondagskooldiens, en die doopdiens, wat onmiddellik om nege-dertig begin. Sal ons ons hoofde buig, terwyl Broer Smith verdaag in gebed.

Die Groot En Magtige Oorwinnaar AFR57-0421s
(The Great And Mighty Conqueror)
Paas Herlewingsreeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend by sonsopkoms, 21 April 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org